AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Voltydse senior dosent:*
## AFRIKAANSE LETTERKUNDE

PRETORIA

Akademia is ʼn Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2027 ʼn voltydse pos op die Pretoria-kampus beskikbaar vir ʼn senior dosent in Afrikaanse Letterkunde in die Departement Tale en Kultuurwetenskappe in die Fakulteit Geesteswetenskappe.

## POSDOELSTELLING

ʼn Dosent is daarvoor verantwoordelik om gehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en innovering, asook akademiese gemeenskapdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot goedgevormde mense word hooggeag. ʼn Dosent streef daarna om as leier op ʼn vakgebied erken te word en streef na verdieping in alle klasaanbiedings.

## VERANTWOORDELIKHEDE

Verantwoordelikhede sluit in, maar is nie tot die volgende beperk nie:

- voorbereiding en dosering van die moduleinhoud
- navorsing oor kurrikulumontwikkeling op vakgebied ter ondersteuning van onderrig en leer, en professionele ontwikkeling
- opstel van assesseringsaktiwiteite in ʼn kontak- en afstandsleeromgewing
- akademiese gemeenskapsdeelname
- lewering van akademiese ondersteuning aan studente
- betrokkenheid by Akademia in die algemeen

## POSVEREISTES

- ʼn doktorsgraad in Afrikaanse Letterkunde
- navorsingsuitsette
- minstens vyf jaar hoëronderwyservaring
- ervaring in versnitte leer (*blended learning*)
- *kandidate wat oor ʼn meestersgraad beskik sal oorweeg word vir ʼn aanstelling op dosentvlak

## VAARDIGHEDE

- sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- interpersoonlike vaardighede
- prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- onafhanklik in ʼn spanverband funksioneer
- moet inisiatief kan neem
- oplossingsgedrewe
- vermoë om werk onder druk te voltooi
- om ʼn ambassadeur vir Akademia te wees deur te help om die instelling uit te bou en ʼn liefde vir Afrikaans te hê

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 3 September 2026 ingedien word.** Stuur ʼn e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ʼn aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.